

Die Akademie en Opera

The Academy and Opera

PIETER KAPP

Besoekende Navorsingsgenoot

Departement Geskiedenis

Universiteit van die Vrystaat

pkapp@telkomsa.net



Pieter Kapp

PROF PIETER KAPP is emeritus historikus van die Universiteit van Stellenbosch en tans besoekende navorsingsgenoot in die Departement Geskiedenis aan die Vrystaatse Universiteit. Sy spesialisasie terreine is die geskiedenis van internasionale verhoudinge, beskawings-geskiedenis en kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Hy het al sy grade tot doktorsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf asook 'n tweede meestersgraad in *Contemporary European Studies* aan die Universiteit van Reading in Engeland. Hy was voorsitter van die Akademie van 1999-2001. Boeke wat uit sy pen verskyn het, handel oor die geskiedenis van die Westerse beskawing, Suid-Afrikaans – Amerikaanse betrekkings, geskiedenis van die Koue Oorlog en werke oor die onderrig van geskiedenis.

PROF PIETER KAPP is emeritus professor of history at the University of Stellenbosch. He is currently a Research Fellow at the Department of History of the University of the Free State. His areas of specialisation are the history of international relations, the history of civilizations and Afrikaans cultural history. He obtained all his degrees to his doctorate at the University of Stellenbosch and a second masters degree in Contemporary European Studies at the University of Reading in England. He was chairperson of the Akademie from 1999-2001. He has published books on the history of Western civilization, the history of the Cold War, South African-American relations and on the teaching of history.

ABSTRACT

The Akademie and Opera

The Akademie's interest in opera predates the Second World War. However, this interest only became more active in the 1950s when the Akademie played an indirect role, through the activities of its officials and its office, in promoting opera in South Africa. The Akademie was particularly keen on presenting Italian and German operas in Afrikaans and encouraging opera by granting rewards to opera singers and conductors. The Akademie eventually played a supporting role in establishing the four provincial councils for the performing arts in 1963. This article focuses on various efforts made to promote opera in Afrikaans and for the Afrikaans community.

KEY CONCEPTS: Opera, OPSA, OPEROSA, Opera Association, EOAN-Group, Akademie, Performing Art's Councils

TREFWOORDE: Opera, OPSA, OPEROSA, Opera Association, EOAN-Groep, Akademie, Rade vir Uitvoerende Kunste

OPSOMMING

Die Akademie het reeds voor die Tweede Wêreldoorlog 'n belangstelling in opera geopenbaar maar sou eers in die jare vyftig op indirekte wyse deur sy ampsbekleders en sy kantoor aktief betrokke raak by die bevordering van opera. Dit het tot uitdrukking gekom in die strewe om bekende operas ook in Afrikaans aan te bied, om operasangers en dirigente te bekroon en het uiteindelik gelei tot 'n bepaalde bydrae in die totstandkoming van die rade vir uitvoerende kunste in 1963. Hierdie artikel gee veral aandag aan pogings om opera in Afrikaans en onder die Afrikaanse gemeenskap te bevorder.

Dit is bekend dat die Akademie sangers wat ook as operasterre naam gemaak het, naas liedersangers en ander musici, met erepennings bekroon het sedert die erepenning vir die bevordering van die kunste die eerste keer in 1935 ingestel is. Die eerste ontvanger wat ook vir haar bydrae tot opera vereer is, was Betsy de la Porte in 1958 gevolg deur Cecilia Wessels (1959), Mimi Coertze (1961), Nellie du Toit (1986) en Marita Napier (1991). Eersgenoemde drie se bekronings hou verband met 'n stukkie geskiedenis tussen 1955 en 1963 wat in hierdie artikel ter sprake kom. Dirigente wat onder andere ook vir hulle bydrae tot operamusiek bekroon is, is Anton Hartman (wat twee keer bekroon is, naamlik in 1962 en in 1988) Gideon Fagan (1979), Leo Quayle (1994) en David Tidboald (2003).¹ Mimi Coertze het ook die Akademie se hoogste toekening, erelidmaatskap, in 2002 ontvang. Pieter Naude, destydse aanbieder by die Afrikaanse diens van die SAUK, vertel dat Cecilia Wessels in 'n onderhoud met hom haar erepenning beskryf het as "min of meer die Oscar" en dat sy altyd gespog het dat sy 'n goue medalje gekry het terwyl ander net silwer en brons ontvang het!²

Wat minder bekend is, is die dikwels indirekte rol wat die Akademie deur een van sy ampsdraers en 'n voormalige voorsitter van die Akademie gespeel het om opera as sodanig te bevorder. Dit is 'n rol wat uiteindelik meegehelp het om die rade vir uitvoerende kunste in 1963 tot stand te bring. Daar is 'n besondere versameling dokumente oor hierdie aktiwiteite in die argief van die Akademie. Die dokumente bevind hulle in die Akademie se argief omdat die destydse sekretaris, dr. M.S. du Buisson, ten nouste by hierdie aktiwiteite betrokke was en heelwat van die aktiwiteite uit die kantoor van die Akademie met die ondersteuning van die Raad en die Musiekkommissie bedryf het. In later jare het Raadslede en Kommissielede van die Akademie soos prof. Geoff Cronje en dr. Eghard van der Hoven en Hermien Dommissie 'n belangrike rol in die rade vir die uitvoerende kunste en in besonder TRUK (Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste) gespeel. Wat verder op operagebied kon gebeur het as dr. Du Buisson nie onverwags in 1962 te sterwe gekom het nie, is 'n tergende vraag. Daar kon nie vasgestel word waar elders die notules van hierdie verskillende opera organisasies nog te vinde is nie.³

¹ Die volledige besonderhede oor kandidate genomineer, die motiverings vir en die commendatio's ten tye van die toekennings is te vinde in die Akademie se argief by die Instituut vir Eietydse Geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat (INEG), SAAWEK-argief PV 917: Kommissie vir Uitvoerende Kunste (FKGUitvK) Houers 4/1 en 4/2.

² Aangehaal deur Hannes Haasbroek: *Stem en Legende. Die lewe van Cecilia Wessels*, pp. 94 en 111. Literara Publikasies, Pretoria, 2005.

³ JP Malan gee in sy *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* (Oxford University Press, 1984) kort bydraes oor die verskillende opera-organisasies maar meld geen bronne nie.

Opera het 'n gevarieerde geskiedenis in Suid-Afrika.⁴ Slegs nege jaar na die wêreldpremière van Carl Maria von Weber se *Der Freischütz* is die opera in 1830 in Kaapstad opgevoer.⁵ Dit was die eerste onderneming van sy soort in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Johannesburg en Kaapstad gee sedert die pioniersjare die toon aan. Opera in Johannesburg het feitlik saam met die stad ontstaan toe Luscombe Searelle kort na 1886 die *Theatre Royal* op die hoek van Eloff- en Commissionerstrate opgerig het. Hoewel dit geen indrukwekkende gebou was nie en spoedig die bynaam *The Shanty* gekry het, is Charles Gounod se *Faust* en Giuseppe Verdi se *Il Trovatore*, asook werke van Gilbert en Sullivan, daar aangebied. Toe die *Standard Theatre* in 1891 geopen is, is *Faust* weer aangebied saam met Georges Bizet se *Carmen*.⁶

Die belangrikste grondlegger van die opera in die Goudstad was John Connell. Sy aanbiedings het gereeld vol sale getrek.⁷ Afrikaanse sangers soos Dirk Lourens, Cecilia Wessels en Betsy de la Porte het gereeld in sy programme opgetree. Connell het ook moeite gedoen om operas in Afrikaans aan te bied soos Bizet se *Carmen* in 1944, Richard Wagner se *Tannhäuser* in 1948 en Wolfgang Amadeus Mozart se *Die Towerfluit* in 1950 met onder andere Dawie Couzyn en Frederick Dalberg.⁸ Dit is belangrik om hierdie Johannesburgse ontwikkelinge in gedagte te hou met die oog op die betrokkenheid van die Akademie enkele jare later.

Die rol wat Connell in Johannesburg gespeel het, is in Kaapstad deur die gebore Siciliaan Alessandro Guiseppa Rota en die Opera-geselskap van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege vervul. Albei sou ook in die bevordering van operas in Afrikaans 'n rol speel. Rota was 'n opera tenoor in Italië voordat hy in 1932 saam met die Gonzales-operatoergroep na Suid-Afrika gekom het en besluit het om hier te bly. Hy het 'n sangskool gestig waar onder andere Alexander Haagen, wat 'n bydrae tot operette musiek in Afrikaans sou lewer, gestudeer het. In 1939 het Rota die *Cape Town Opera Company* op die been gebring. Hy sou later op Stellenbosch en by die Eoan-groep sowel as in die stigting van die Nasionale Operavereniging (*National Opera Association*) in 1955 'n belangrike rol speel.

Oor die rondreisende toneelgeselskappe wat tot in die jare vyftig soveel gedoen het om toneel op die platteland te bevorder, is al heelwat geskryf. Bekende toneelgeselskappe soos die Hanekoms, André Huguenet en vele ander se verhaal is al deur Danie Botha geboekstaaf.⁹ Oor die rondreisende opera-aanbiedings van die Universiteit van Kaapstad se Operageselskap op die platteland is heelwat minder bekend. Danksy Désirée Talbot se herinneringe¹⁰ weet ons iets van al die aanbiedings op dorpe soos Swellendam, Riversdal, Kingwilliamstown, Grahamstad, Cradock, Graaff-Reinet, Paarl, Stellenbosch, Kimberley, Bloemfontein, Pretoria en ook aan die Rand en in die destydse Noord- en Suid-Rhodesië. Hoewel die opera-afdeling van die Suid-Afrikaanse Kollege vir Musiek eers in 1929 tot stand gekom het en die eerste kursusse vir 'n sertifikaat in opera eers in 1949 ingestel is, was Cecilia Wessels byvoorbeeld een van die Kollege se eerste musiekstudente.

⁴ Jan Bouws gee in sy *Die musieklewe van Kaapstad 1800-1850 en sy verhouding tot die musiekkultuur van Wes-Europa* (AA Balkema, Kaapstad, 1966) in hoofstuk 12 aandag aan die geskiedenis van opera aan die Kaap in die begin van die neëntiende eeu.

⁵ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: Kommissie vir Uitvoerende Kunste (UitvK) 7/1/1: OPSA-brosjure: Lewende Opera op ons eie verhoë.

⁶ Stanley Peshkin: *Pact Opera: The First Twenty Five Years*, pp. 1-2. HAUM, Pretoria, 1990.

⁷ *Voorslag*, April/Mei 1947. Artikel deur Frits Stegmann.

⁸ *Die Huisgenoot*, 28.9.1962. Artikel deur Frits Stegmann.

⁹ Danie Botha: *Voetligte en applous. Die beginjare van Afrikaanse beroepstoneel*. Protea, Pretoria, 2005.

¹⁰ Désirée Talbot: *For the love of singing. 50 years of opera at UCT*. Oxford UP, Kaapstad, 1978.

Dié Kollege is in 1910 gestig en is in 1919 by die Universiteit van Kaapstad geaffilieer. Wessels het in 1914 haar sertifikaat in musiek (met lof in Sang) ontvang.¹¹ In 1949 is ’n opera sillabus die eerste keer aan die Musiekkollege ingestel. Die eerste twee studente in opera het in 1952 hul sertifikate verwerf. Nellie du Toit was een. Soos Cecilia Wessels het Du Toit dit ook met onderskeiding ontvang.¹² Die UK se Operageselskap het ’n hele aantal Afrikaanse lede ingesluit, soos die broers Albie Louw en Louwtjie (‘die Boeretenoor’) Louw (’n voltydse boer van Malmesbury wat toegelaat is om by die geselskap aan te sluit en waarvoor hy dikwels daaglik tussende Malmesbury en Kaapstad moes pendel),¹³ Jacobus Jacobs, Louwrens Strydom, Emmarentia Scheepers (verhoognaam Emma Renzi) en nog vele ander. In 1952 het hulle in die Kaapstadse stadsaal Albert Coates se vollengte opera *Tafelberg se Kleed* aangebied. Nog twee Afrikaanse operas wat vir hulle geskryf is, was Cromwell Everson se *Klytimestra* (1967) en die operette van Pieter van Dijk, *Die Noodsein*, gebaseer op Anna Rudolph se toneelstuk. Die uitvoering van Albie Louw se Afrikaanse vertaling van Donizetti se *Don Pasquale* in 1963 word deur Désirée Talbot as ’n groot sukses beskryf. “Jacobus Bouver and Albie Louw were absolutely hilarious in the wonderful conspirator’s duet.”¹⁴ By geleentheid van die Uniefees in Bloemfontein in 1960 is Mozart se *Die Towerfluit* in Afrikaans aangebied en het Désirée Talbot die hoofrol gesing. In dieselfde jaar het die geselskap Xander Haagen se Afrikaanse operette *Lenteliefde* in die Labia Teater in Kaapstad opgevoer met Robert Mohr as produksieleier, Louwtjie Louw en Cynthia Collier in die hoofrolle en Albie Louw in die orkes.

In Kaapstad het *Die Burger* in die vroeë periode ook heelwat aandag aan opera gegee en gereelde besprekings van opvoerings deur Hubert du Plessis, Charles Weich en Frits Stegmann gepubliseer. Die SAUK het na sy totstandkoming in 1937 ook moeite gedoen om uittreksels sowel as vollengte operas uit te saai, iets wat na 1948 deur die selfstandige Afrikaanse diens nagevolg is.

Iemand wat hom besonder vir die bevordering van opera in Afrikaans en onder Afrikaners beywer het, was Con de Villiers. Hy het in 1939 lid van die Akademie se Kunstekomitee geword.¹⁵ Hy het in 1940 *Cavalleria rusticana* van Pietro Mascagni in Afrikaans vertaal in samewerking met die Radioraad en die Afrikaanse Nasionale Studentebond. Die eerste uitvoering is in April 1940 op Stellenbosch gehou. Die impresario en regisseur was Alessandro Rota wat spesiaal Afrikaans moes aanleer. Hy het ook die tenoorrol van Turiddu gesing.¹⁶ Con de Villiers het hom ook reeds toe al beywer vir ’n Nasionale Operageselskap en het die hulp van die Akademie ingeroep.¹⁷ Hy het veral klem gelê op die besondere “vokaalkragte” wat in Kaapstad beskikbaar was en was bereid om

¹¹ Haasbroek, p.12.

¹² Désirée Talbot, p. 33.

¹³ Louwtjie Louw se seun Johannes sou later met Cecilia Wessels se kleindogter Charmaine Beecroft in die huwelik tree.

¹⁴ Talbot, pp. 88, 148, 123 en 110.

¹⁵ INEG, Bloemfontein, SAAWEK-argief PV 917: Korrespondensie (KOR) 22/1, item 1: Con de Villiers – Sekretaris, 26.2.1939.

¹⁶ Daar was heelwat Italianers wat hulle as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog in Europa in Suid-Afrika bevind het en wat deur hulle musiek- en sangtalent ’n bydrae tot die ontwikkeling van opera, ook in Afrikaans, sou lewer. Vergelyk Désirée Talbot, p. 31 oor byvoorbeeld die geval van Gregoria Fiasconaro wie se seun later as atleet soveel bekendheid sou verwerf.

¹⁷ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: KOR 23/1, item 46: Con de Villiers – Sekretaris, 1.4.1940. Dit is interessant dat in studies oor Con de Villiers en in sy eie boeke en artikels daar nie na hierdie rol van hom in die bevordering van opera verwys word nie.

Italiaanse operas in Afrikaans te vertaal. As lid van die Akademie se Musiekkomitee¹⁸ het hy hom steeds hiervoor beywer. Sy entoesiasme het elke keer op die werklikheid van 'n gebrek aan fondse gestrand. Hy het egter 'n belangrike rol in die bekroning van sangers gespeel.

'n Belangrike kenmerk van die plattelandse musieklewe tussen ongeveer 1920 en 1960 was die bestaan op talle dorpe van ywerige musiekverenigings wat van die opkoms van die grammofoonplaat gebruik gemaak het om gereelde musiekaande te hou.¹⁹ Hulle was gewoonlik ook die stukrag agter die ontwikkeling van die kunswedstryde sedert die twintigerjare en die uitnoui van musici na hulle dorpe. Die meeste van die UK Operageselskap se plattelandse optredes is deur hierdie plaaslike verenigings gereël. Daar het selfs federasies van musiekverenigings in bepaalde streke tot stand gekom soos die *Federation of Music Societies of the Western Cape*. Die ontwikkeling van kunsverenigings het dieselfde patroon gevolg. Net soos die Akademie in 1923 'n stigterslid van die Afrikaanse Kunsvereniging van Suid-Afrika was wat later by die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, wat hy help stig het,²⁰ geaffilieer het, het hy hom in 1951 beywer vir die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Raad vir die Bevordering van Musiek.²¹ Op daardie tydstip het die Akademie ook sterk steun verleen aan die verstoë vir die behoud van die Alhambra skouburg in Kaapstad wat uiteindelik in die jare sewentig voor die ontwikkelaars moes swig.

Tussen 1951 en 1955 het inheemse opera-aanbiedings in Johannesburg maer jare beleef. Daar is net een plaaslike opera per jaar aangebied. Désirée Talbot skryf dit aan twee faktore toe. Johannesburgers is geneig “to denigrate anything that (a) does not come from overseas (b) does not come from the Transvaal”.²² Dit is waarskynlik die aftrede van John Connell as musiekdirekteur van die Johannesburgse munisipaliteit, wat vir maer jare verantwoordelik was. Hy was die dryfkrag agter opera in Johannesburg en het reeds in 1946 'n Nasionale Operavereniging gestig wat nooit werklik aan die gang gekom het nie. Onder die inspirasie van die Kapenaars Alessandro Rota en Joseph Manga het John Connell se ideaal in 1955 herleef toe die Nasionale Operavereniging van Suid Afrika (*National Opera Association (later Company) of South Africa*) in Johannesburg gestig is. Die voorsitter was die bekende Johannesburgse sakeman, stadsraadslid en burgemeester Alec Gorshel. Hoewel die vereniging daarin geslaag het om drie operas in 1957 aan te bied, was dit nie 'n finansiële sukses nie. Cecilia Wessels en haar man Ernest Beecroft het byvoorbeeld geld in die onderneming belê maar uiteindelik alles verloor.²³

'n Mylpaal in die ontwikkeling van Afrikaanse opera was die opvoering van John Joubert se *Die Droogte*. John Joubert was nie net 'n gebore Suid-Afrikaner nie, maar die karakters in die verhaal was tipies van die land en al die hoofspelers was gebore Suid-Afrikaners. Die betekenis van hierdie mylpaal is dekades later deur Hermien Dommissie onderskryf. In die politieke omwentelinge van 1994 het die voortbestaan van die rade vir uitvoerende kunste in die gedrang gekom. Die Akademie het in die uitgerekte onderhandelingsproses heelwat voorleggings gemaak

¹⁸ Die Kommissie het oorspronklik in 1932 as die Kunskommissie ontstaan maar is in 1939 in 'n Kommissie vir die Kunste verander toe musiek en toneelkuns tot die kommissie se terrein toegevoeg is. In 1942 is op 'n stelsel van Keurkomitees besluit en het afsonderlike kommissies vir Musiek, die Beeldende Kunste en Toneel tot stand gekom Op 'n stadium het die Akademie 42 komitees gehad wat in 1968 tot agt gerasionaliseer is. Die Musiekkomitee het deel geword van die Kommissie vir die Uitvoerende Kunste.

¹⁹ Cecilia Wessels en Désirée Talbot vertel talle staaltjies oor hulle soms verrassende ervarings met hierdie verenigings en musieklubs.

²⁰ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: KOR 8/5: W Francois Spruyt – Sekretaris, 22.3.1923.

²¹ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: Uitvk 8/1/2: SA Raad vir die Bevordering Van Musiek, 1958-1961.

²² Talbot, p. 83.

²³ Haasbroek, p. 80.

en aan konferensies deelgeneem.²⁴ Dommissie meld in 'n skrywe aan die sekretaris van die Akademie dat die rade 'n fout gemaak het om nie lank tevore reeds meer aandag aan inheemse musiek te gee nie: "Ek het tot die slotsom gekom dat TRUK met sy repertorium van uitsluitlik Europese opera, musiek en ballet, besig was om 'n politieke graf vir homself te grawe. Anton Hartman se visie met die aanbieding van opera in Afrikaans en John Joubert se eenbedryf In die Droogte en Bosman de Kock se deurvoering van die ballet Raka, is nie opgevolg nie. Die komposisies van ons eielandse komponiste is nooit weer ... tot baie onlangs ... in orkesuitvoerings deur TRUK gehoor nie."²⁵

Anton Hartman se visie het 'n groep vooraanstaande persone in Johannesburg gemotiveer om op 29 Oktober 1956 by geleentheid van 'n openbare byeenkoms van 32 entoesiaste die Operavereniging van Suid-Afrika (OPSA) te stig. Die eerste voorsitter van die vereniging was dr. S.H. Pellisier. Die ander bestuurslede was dr. W.A. Timmerman, C. Bak, Anton Hartman en die sekretaris was H. Potgieter. Met die aanstelling van dr. M.S. du Buisson as sekretaris van die Akademie in 1958 het die Akademie 'n yweraar vir opera bygekry en sou hy 'n leidende rol in OPSA speel. Dr. Pellisier was 'n gewese voorsitter van die Akademie (1939-1946) en op daardie tydstip voorsitter van die Raad van die SAUK (1949-1959), en iemand wat wyd bekend was vir sy liefde vir volksang en musiek. In 1960 het dr. Du Buisson as voorsitter by Pellisier oorgeneem. Die groep was minder ambisieus as die *Opera Association*. Die nuwe vereniging het hom nie ten doel gestel om self operas aan te bied nie, maar om as 'n ondersteunersgroep vir die aanbied van operas deur operageselskappe op te tree. Hulle sou finansiële steun van die Johannesburgse stadsraad, die provinsiale regering en goedgesindes organiseer om dié aanbiedings moontlik te maak.

OPSA se akte van oprigting en aansoek om registrasie as 'n maatskappy sonder winsbejag is in 1958 by die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap ingedien.²⁶ Die hoofdoel van OPSA is omskryf as "om te streef vir die opbou van opera en verwante kunsoorte in besonder in die Afrikaanse taal". Operas sou in die oorspronklike tale maar ook in Afrikaans aangebied word ten einde 'n eie operakuns te ontwikkel en aan Suid-Afrikaanse sangers die geleentheid te bied om hulself ten volle uit te leef. Die toenemende belangstelling by die publiek, in besonder die Afrikaanse publiek, in die opera en ander kunsvorme sou daardeur gestimuleer word.

In die eerste jaar van sy bestaan het die vereniging dertien konserte met uittreksels uit die operas aangebied. Dit het hulle die selfvertroue gegee om in hulle tweede bestaansjaar na die aanbied van vollengte operas te streef.²⁷ In hulle eerste bestaansjaar het die vereniging 'n subsidie van £500 van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap ontvang.

In 1958 het die breë bestuur, wat naas 'n direksie gefunksioneer het, bestaan uit: dr. S.H. Pellisier, me. P. Mennega, mev. Eunice Botha, me. C. Joubert, mev. Jossie Hartman, mev. Olaf Andresen, dr. M.S. du Buisson, A.M. van Schoor, J.H. Coetzee, Ockert Botha, Olaf Andresen, J.A. Crouse, en H.P. Potgieter.

Daar het dus in Johannesburg twee operaverenigings bestaan, die een basies Engels met sterk Italiaanse invloed, en die ander een basies Afrikaans. Albei het by die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap om subsidies aansoek gedoen. Die Departement het daarop gewys dat hy kwalik twee verenigings vir so 'n gespesialiseerde aktiwiteit kan befonds en het hulle versoek om

²⁴ Die dokumentasie hieroor is te vinde in UitvK 5 Kuns en Kultuurbeleid 1985-1996.

²⁵ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 5/2: Dommissie-Geldenhuis, 24.2.1995.

²⁶ Die akte en statute is te vinde in UitvK 7/1/1 en is gedateer 6.2.1958.

²⁷ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/ 1: Notules Operavereniging van Suid-Afrika: Notule 3.3.1958.

saam te werk en een aansoek in te dien. Dit het gelei tot die stigting van die Federasie van Operaverenigings van Suid-Afrika op 23 Oktober 1958.²⁸

Die federasie het vir OPSA en vir opera in die algemeen bepaalde voordele ingehou, maar daar was ook probleme met die samewerking. Gesamentlik het hulle 'n groter subsidie van die staat ontvang wat beteken het dat hulle meer kon onderneem. Hulle kon ook gemakliker met teaters onderhandel, die wedywering om sangers en musici te kontrakteer is uitgeskakel, en reklame het verbeter. Anton Hartman het in 1959 op OPSA se jaarvergadering egter ook op die nadele gewys. Wantroue en dwarstrekkerij het tot besluiteloosheid gelei en die federasie het nie as sodanig soveel openbare steun geniet soos die twee organisasies afsonderlik nie. Die feit dat OPSA minstens een Afrikaanse opera per jaar wou aanbied – in 1958 was dit *La Bohème* – het meegebring dat hy ook makliker met 'n derde operavereniging in Pretoria kon saamwerk as met die *Opera Association*

In 1958 het die federasie die volgende aanbiedings georganiseer: *Die Fledermaus* van Johann Strauss, *Die Droogte* van John Joubert, *Gianni Schicchi* van Giacomo Puccini en *La Traviata* van Verdi. In 1959 was dit *La Bohème* van Puccini en Gian Carlo Menotti se *The Telephone* en *Amelia at the Ball*.

Dr. Du Buisson het ook teen 1960 die rol van die *Association* as 'n passiewe vennoot in die federasie beskryf. Eenparige besluite van die federale raad word nie deur die onderkomitees uitgevoer nie omdat die *Association* se verteenwoordigers nie die vergaderings bywoon nie. Anton Hartman het weer daarop gewys dat die *Association* prinsipiële verskille met OPSA het omdat hulle voorkeur gee aan opera in Italiaans en in elk geval nie entoesiasies is oor opera in Afrikaans nie. Daarby het hulle ook beswaar teen OPSA se aandrang dat voorkeur aan Suid-Afrikaanse kunstenaars gegee moet word.²⁹ Op die daaropvolgende vergadering van die direksie van OPSA is kennis geneem van die *Association* se onwilligheid om by Afrikaanse aanbiedings betrokke te wees en is besluit dat OPSA op eie stoom die oorspronklike doelstellings van die federasie sal nastreef. Die vergadering het ook kennis geneem van die stigting van 'n operaverenging in Pretoria.³⁰

In die 1959-1960 feesseisoen het OPSA die volgende aangebied: 'n Konsertreis met aanbiedings van uittreksels uit Mozart se *Così fan tutte* en *Die ontvoering uit die Harem* en Bedrich Smetana se *Die verkoopte bruid* in Randfontein, Brakpan, Rustenburg, Bethal, Alberton en Ontdekkers en 'n vollengte aanbieding van Puccini se *Madame Butterfly* in Afrikaans in Springs. Saam met die federasie het hulle Mozart se *Towerfluit* in Afrikaans en Verdi se *Rigoletto* in Engels in die Empireteater aangebied. Hierdie aanbiedings is moontlik gemaak deur 'n staatsbydrae van £5000, £5000 van die stadsraad van Johannesburg en £716 van die Transvaalse provinsiale administrasie. In die jaarverslag van OPSA is die groot verwagtinge vir die toekoms verwoord: “Die toekoms is swanger aan groot gebeure op die gebied van opera in Suid-Afrika. Staatsopera kom.”³¹

Sommige lede van OPSA soos Aart de Villiers het die verdeling Afrikaans-Engelse verenigings vir opera lastig gevind en wou dat OPSA sy lidmaatskap na Engelstaliges moes uitbrei. Du Buisson en dr. Tommy Meyer het daarop gewys dat OPSA in die eerste plek gestig is om opera onder die Afrikaanse publiek te bevorder en dat OPSA se lidmaatskap oopstaan vir enige persoon ongeag sy taal solank hy die Afrikaanse karakter van OPSA aanvaar.³²

²⁸ INEG, Bloemfontein, SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/1/1 Notule van stigtingsvergadering 23.10.1958.

²⁹ INEG, Bloemfontein, SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/1/1: Notule Direksievergadering OPSA 11.2.1960.

³⁰ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/1/1: Notule Direksievergadering OPSA 19.5.1960

³¹ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/1/1 Jaarverslag OPSA vir die tydperk 1.7.1959-30.6.1960.

In 1957 het die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria ook 'n vereniging bekend as die Opera-organisasie van Suid-Afrika (OPEROSA) tot stand gebring om opera aanbiedings te bevorder. Hulle het ten doel gehad om uiteindelik tot 'n nasionale vereniging te ontwikkel wat met die staat kon onderhandel om staatsteun vir die bevordering van opera te verkry. Daarom sou plaaslike operaverenigings soos dié in Johannesburg, Durban en Kaapstad uitgenooi word om by die nuwe vereniging, bekend as die Nasionale Opera Organisasie,³³ te affilieer. Hulle sou die konserte reël, die finansies beding en sangers en musici van oorsee kontrakteer. Hulle sou ten nouste met die Musiekdepartement van die Universiteit van Pretoria saamwerk. Die eerste bestuur het bestaan uit prof. C.L. de Jager (voorsitter) dr. J.C. Otto, dr. M.S. du Buisson, dr. C.A.W. Lategan en menere C.L. de Bruyn, C. Niemann en Stephen Eyssen.³⁴ Die vereniging se uiteindelik doel was om die ander operaverenigings te mobiliseer om druk op die regering uit te oefen om 'n staatsopera vir Suid-Afrika tot stand te bring. Hulle het 'n belangrike aandeel gehad in die groot musiekfees wat in 1959 by die Universiteit van Pretoria aangebied is.

OPSA en OPEROSA het hoofsaaklik op Afrikaanse inisiatief berus. Dr. Du Buisson, en deur hom die Akademiekantoor, was by albei betrokke. OPSA het die voordeel gehad van regstreekse persoonlike bande met toonaangewende bestuurslede in die musiekdepartement van die SAUK se hoofkantoor soos Anton Hartman en Ockert Botha.

Die EOAN-groep³⁵ in Kaapstad was 'n vierde afsonderlike beweging wat hom veral vir die bevordering van Italiaanse opera onder die bruin bevolking van die Kaap beywer het. Die Eoan-groep was 'n welsyns- en kultuurorganisasie wat in 1933 deur Helen Southern-Holt gestig is. Dit was oorspronklik bedoel om 'n nasionale organisasie te word maar was uiteindelik hoofsaaklik tot die Kaapse Skiereiland beperk. Hulle eerste terrein van kulturele werksaamhede was opleiding in voordrag en vertonings in liggaamsoefening. In 1937 is die eerste openbare dansvertoning en in 1940 'n liggaamsoefening vertoning deur een duisend leerders aangebied. In 1934 is die eerste toneelproduksie op die been gebring. Die musiekafdeling is in 1943 begin toe Joseph Manca, nog 'n gebore Italianer, genader is om 'n klein koor af te rig, wat in 1949 tot hulle eerste operette aanbieding *A slave in Araby* gelei het. Manca het ook die inisiatief geneem om in 1956 die eerste Eoan-kunsteffees aan te bied. Tydens die fees is *La Traviata* in Italiaans opgevoer, asook die Felix Mendelssohn-oratorium *Elia* en George Posford en Eric Maschwitz se operette *Zip goes a million*. Samewerking met Gregorio Fiasconaro van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege se Operaskool het tot die aanbieding van *Cavalleria rusticana*, *Rigoletto*, *La Bohème* en *Madame Butterfly* gelei. Onder leiding van David Poole het die balletgeselskap ook groot opgang gemaak. In 1960 het die groep vir drie maande deur die land getoer met vyf operas en ses balletopvoerings. Die groep het heelwat finansiële ondersteuning van die sentrale en plaaslike regerings ontvang en kon in 1964 'n eie Trust vorm. Danksy 'n skenking van John Stone is die Athlone Kultuursentrum met die Joseph Stone-ouditorium gebou op grond wat die stadsraad van Kaapstad beskikbaar gestel het.

Benewens hierdie vier organisasies was daar nog kleiner plaaslike operaverenigings. In 1960 was daar Italsa, 'n Italiaanse vereniging in Kaapstad by wie die Eoan-groep kers opgesteek het, die Pinetown *Civic-Choral and Operatic Society* en die *Durban Operatic Society*.³⁶

³² INEG, Bloemfontein, SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/1/1 Notule direksievergadering van OPSA 2.23.1961.

³³ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7/2/2/ Notule van 'n vergadering van Operosa, 15.5.1960.

³⁴ INEG, Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 7 Vouer 2/2 Dokumente en notules van Operosa.

³⁵ Eos is die Grieks vir dagbreek.

³⁶ Inligting oor hierdie verenigings kom in die verskillende notules en verslae voor wat in bogenoemde argiefreëksie in die Akademie se argief is.

Die baie suksesvolle aanbieding van Italiaanse operas in Afrikaans en Engels tydens die Uniefees in 1960 in Bloemfontein het die staat se belangstelling in die bevordering van opera geprikkel. Daarom kon OPSA met entoesiasme in 1960 verklaar dat 'n staatsopera in die nabye toekoms verweselik sou kon word. Die Akademie het die beweging om 'n staatsopera tot stand te bring ondersteun. Daarvoor moes goeie samewerking tussen die verskillende verenigings teweeggebring word. Vertoë dat die staat die leiding moes neem na afloop van die suksesvolle aanbieding van opera tydens die Uniefees, het 'n simpatieke reaksie uitgelok van die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap op 17 Augustus 1960. In 'n skrywe aan die voorsitter van die federasie het hy die behoefte aan 'n staatsopera erken en die federasie uitgenooi om 'n memorandum aan hom voor te lê. In hulle memorandum het die federasie beklemtoon dat die staat 'n volhoubare finansiële plan moes opstel en nie groot onsekerhede oor die toekoms van opera laat nie. Hulle het ook beklemtoon dat 'n staatsopera in samewerking met die bestaande verenigings ontwikkel moes word sodat die ondersteuningstrukture en entoesiasme wat oor dekades opgebou is, behoue kon bly. Die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap het met die Akademie se steun alle belangstellende verenigings na 'n gesamentlike gesprek op 19 September 1960 uitgenooi. OPSA en die *Association*, met ander woorde die lede van die federasie, het die uitnodiging aanvaar.³⁷ OPEROSA daarenteen was nie ten gunste van 'n staatsopera nie. Hulle wou Pretoria as die sentrum van opera vestig met die Aula as die middelpunt.³⁸ Stephen Eyssen het hulle standpunt gemotiveer: OPEROSA wil eerder plaaslike opera bevorder omdat hulle meen dat die staat nie die enorme finansiële verpligtinge (volgens hulle tussen £150 000 en £300 000 per jaar) sal kan dra nie.

In 1962 is wetgewing deur die parlement aanvaar om voorsiening te maak vir vier provinsiale rade vir die uitvoerende kunste. Hierdie vier rade het amptelik in 1963 tot stand gekom. Omdat hulle staatsgeld tot hulle beskikking gehad het, kon hulle op veel groter skaal en meer geïntegreerd aan die ontwikkeling van die teater, ballet en opera aandag gee. Doeltreffende teaters soos die Staatsteater in Pretoria, die Johannesburgse Skouburg, die Sand du Plessis Teater in Bloemfontein en die Nico Malan in Kaapstad is opgerig. Dit het meegebring dat die Suid-Afrikaanse Musiekkollege sy opera aktiwiteite veel meer tot opleiding en die aanbieding van operas deur studente beperk het.³⁹ Noue verbintenisse met veral TRUK sou ook vir die Akademie nuwe omstandighede meebring. Sy verskillende kunstekommissies kon veral met TRUK, KRUIK (Kaapse Raad vir Uitvoerende Kunste) en die Streeksraad vir Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat (SUKOVS) vrugbaar saamwerk. Dit het veral nuwe moontlikhede vir die bekroning van prestasies in die kunste aan die Akademie gebied – moontlikhede wat hy met behulp van die kundiges verbonde aan hierdie rade en aan universiteite benut het.

Die Musiekkommissie van die Akademie het kennis geneem van die prestasies van die Eoan-groep en in 1974 die erepenning vir musiekbevordering aan Joseph Manca vir sy werk met die groep toegeken. Die Akademie se voorsitter, prof Gerhard Beukes, het die bekroning by 'n gala geleentheid in die Joseph Stone-ouditorium waargeneem. Hy het nie net vir Manca vereer vir sy persoonlike bydrae nie, maar ook die groep lof toegeswaai vir die dissipline, toewyding en entoesiasme waarmee hulle die kunste in die algemeen en opera in die besonder bevorder het.

Dit was 'n besonder suksesvolle geleentheid waarop die groep se jarelange voorsitter I Sydow soos volg in 'n brief gereageer het: "The Eoan Group is proud of being associated with the Akademie on this unforgettable occasion. This very generous gesture of Die Akademie marks yet another milestone in the history of our beloved country and the Eoan Group is deeply recognisant

³⁷ Memorandum in UitmK 7/2/ 2.

³⁸ INEG, Bloemfontein SAAWEK PV 917: UitmK 7/1/2: Notule van OPEROSA-vergadering 2.9.1960.

³⁹ Talbot, pp. 139-142.

of the importance of this memorable occasion when we all, as true South Africans, met and enjoyed each other's company irrespective of race, colour and creed."⁴⁰

Saam met hulle oorsese toer in 1975 het hierdie gebeure 'n hoogtepunt maar ook 'n draaipunt in die geskiedenis van die Eoan-groep verteenwoordig. Hierna het hulle stoom begin verloor. 'n Aantal gebeure het hulle negatief getref. Die bykans gelyktydige aftrede van Joseph Manca as musiekdirekteur en Sydow as voorsitter weens swak gesondheid het beteken dat die twee sterkste dryfvere van die organisasie oor 'n periode van 36 jaar nie meer daar was nie. Kwellinge oor finansiële wanbestuur en onderlinge verdeeldheid het hulle inwendig verswak terwyl die groot aantrekkingskrag van popmusiek tot gevolg gehad het dat daar nie goeie jong talent getrek kon word nie.⁴¹ Die verskillende afdelings van die groep het geleidelik opgehou om te funksioneer. Hulle laaste opera in Suid-Afrika is einde 1974 in Seepunt aangebied. Pogings om Gordon Jephthas, 'n oud-lid wat in Europa as dirigent gewerk het, as direkteur te lok het nie geslaag nie. Die staat se finansiële steun het ook verminder na mate produktiwiteit begin afneem het. By twee onlangse geleenthede is die groep se suksesse weer in herinnering geroep.

Die eerste was op 16 Desember 2006 toe een van die oud-lede wat tans in Australië woon, die tenoor Charles de Long, 'n herenigingskonsert in die Joseph Stone-ouditorium aangebied het. Van die groot name uit die verlede soos May Abrahamse het by die geleentheid opgetree.⁴²

Die tweede was in April toe die Klein Karoo Nasionale Kunstefees 'n Kanna toekenning aan May Abrahamse by 'n funksie op Stellenbosch oorhandig het vir haar bydrae tot die bevordering van musiek. Sy het in 1956 in die Eoan-groep se eerste vollengte opera *La Traviata* die hoofrol met Vera Gow gedeel. Abrahamse was haar lewe lank 'n musiekonderwyseres en het tien jaar lank in die Eoan Kultuursentrum as stem-onderwyser gewerk. Die bevordering van klassieke musiek, en veral sang, by leerders en die publiek was haar passie. Daarom is sy ongelukkig oor wat vandag by die Athlone Kultuursentrum gedoen word. "Ek wens hulle wil die Eoan-groep se naam daar weghaal. In die grondwet van die Eoan-groep, wat baie soos 'n onderneming bedryf is, staan as die groep ooit die gebou opgee, moet die naam verander word."⁴³

In sy kortstondige betrokkenheid by opera voor die totstandkoming van die rade vir uitvoerende kunste het die Akademie 'n ondersteunende rol gespeel om dié rade 'n werklikheid te sien word en het hy deur sy bekronings aan die operakuns erkenning gegee. Met die politieke veranderinge van 1994 het die voortbestaan van die rade in die gedrang gekom. Van sy kant het die Akademie deur talle voorleggings en versoë probeer om iets van die goeie werk van dié rade te behou. Dit is 'n stuk geskiedenis wat in eie reg aandag verdien.

Die skrywer erken graag die besondere hulp wat hy in hierdie navorsing van twee musiek historici van Stellenbosch ontvang het: Duporette Kapp en Santie de Jongh. Eersgenoemde orden tans die kunste afdelings van die Akademie se argief en die foto-versameling en laasgenoemde is verbonde aan die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) in die Musiekbiblioteek van die Universiteit van Stellenbosch.

⁴⁰ INEG Bloemfontein SAAWEK-argief PV 917: UitvK 4/2 / 1: I Sydow-Beukes, 5.11.1974.

⁴¹ Bruce Heilbuth: The Eoan Group - is this the end? *Scenaria*, Junie/Julie 1978, pp. 10-11.

⁴² Die volledige program van die konsert is in die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) van die Konservatorium vir Musiek op Stellenbosch.

⁴³ *Die Burger*, 14.5.2007. Onderhoud van Willem de Vries met May Abrahamse.